02 Maart 2018

UITNODIGING OM DEEL TE NEEM: ERFENISHULPBRONBESTUURSPROSES (EHB) VIR SQUARE KILOMETRE ARRAY PROJEK

Geagte Belanghebbende/Grondeienaar

Hierdie brief het ten doel om inligting rakende die Erfenishulpbronbestuursproses (EHB) wat deur die Square Kilometre Array-projek (SKA) onderneem word, aan u oor te dra.

SARAO staan aan die voorpunt van plaaslike bedrywighede wat betref die SKA-radioteleskoop. Die SKA-projek is in die Noord-Kaapse provinsie van Suid-Afrika geleë, sowat 900 km, 650 km en 90 km vanaf onderskeidelik Johannesburg, Kaapstad en Carnarvon.

- Toegangsroetes (gruispaaie) tot ’n breedte van tussen 6 en 8 meter;
- Opgradering van tot 320 km se bestaande paaie;
- Konstruksie van sowat 115 km se nuwe paaie;
- Oprigting van elektriese kraginfrastruktuur waaronder:
  - Kragkabels onder en bokant die grond binne ’n serwituut van 9 meter breed;
  - Substasies en elektriese verskaffingspunte;
- Oprigting van sowat 20 leengroewe;
- Oprigting van drie steengroewe; en
- Oprigting van tydelike konstruksiekampe.

Volgens huidige beplanning sal konstruksie wat verband hou met SKA Fase 1 in 2019 begin en tot 2027 duur. Die SKA1-radioteleskoop sal vir 50 jaar in bedryf wees. In hierdie verband ondersteun die SARAO die internasionale SKA-organisasie (SKAO) met die doen van die nodige ondersoeke om aan die Suid-Afrikaanse nasionale regulatoriese vereistes te voldoen, waarvan een ’n EHB-proses is om die vereiste van Artikel 38 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet Nr. 25 van 1999, bekend as die NHRA) na te kom. SARAO het Digby Wells Environmental aangestel as die spesialisdiensverskaffer wat die EHB-komponent van die Projek sal behartig.

Die EHB-proses bestaan uit twee hoofdele:

- ’n Erfenisimpakassessering (EIA); en
- Bewaringsbestuursplan (BBP)

Die doel van die EHB-proses is om te voldoen aan die Suid-Afrikaanse nasionale regulatoriese raamwerk, die vereistes gestipuleer deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAHRA) op ’n vergadering van ’n Spesiale Advieskomitee gehou op 10 Maart 2017, en internasionale standaarde van beste praktyk sodat etiese behoud, bewaring en bestuur van erfenishulpbronne binne die Projek se invloedsfeer bevorder word.

Ingevolge Artikel 38(e) van die NHRA moet die resultate van konsultering as deel van hierdie EHB-proses verskaf word. In hierdie verband word u uitgenooi om as ’n Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en/of kommentaar op die voorgestelde Projek te lewer.

Ons versoek u daarom om die ingeslote “Registrasie- en Kommentaarvorm” te voltooi en dit terug te stuur na Digby Wells Environment se kantore sodat dit verwerk kan word. U kan die vorm op die volgende maniere terugstuur:

- E-pos: nondumiso.gwala@digbywells.com
- Faks: (011) 789 9498 / (011) 069 6801
- Pos: Privaatsak X10046, Randburg, 2125

U is welkom om ons telefonies te kontak by 011 789 9495 indien u enige aspek van hierdie Projek wil bespreek.

Ons sien daarna uit om u kommentaar te ontvang

Vriendelike groete,

Nondumiso Gwala

Assistent-belanghebbendekonsultant

Justin du Piesanie

Bestuurder: Erfenishulpbronbestuur